

Die Handeling van die Apostels: Petrus se bevryding uit die tronk (Hand 12:6-16) – Francois Malan

12:6 Die nag voor Herodes se beplande verhoor slaap Petrus **rustig**, sonder enige planne of verwagting van ontsnapping, sy hande weerskante aan twee soldate vasgeketting. Die ander twee wagte staan buite die tronksel se deur. Hy word met die grootste strengheid bewaak (gewoonlik is vasgeketting aan een soldaat genoeg) en die gemeente bid met die grootste erns.

12:7 'En kyk!' Hiermee vra Lukas die leser se volle aandag vir wat nou gaan gebeur: 'n **Engel van die Here** staan skielik daar (in die tronksel!); en 'n lig het in die selkamer geskyn. Hy het Petrus op sy sy geslaan om hom wakker te kry (in 12:23 word dieselfde woord *patassō* gebruik om Herodes neer te vel), hom opgewek en gesê: 'Staan gou op!' en die kettings het van sy hande afgeval. Waarskynlik nie van die soldate se hande nie. Met sy hande bevry kon Petrus die volgende opdragte van die engel uitvoer.

12:8 Die Engel sê toe vir hom: 'Omgord en trek jou sandale aan!' Die lang los kleed wat die mans gedra het, moes opgetrek en om die heupe vasgemaak word om vinnig te kan loop of te werk. Teen die koue van die nag het hulle in die onderkleed geslaap. Op die engel se bevel gooi hy ook sy bokleed om hom, 'n teken dat hy op pad is na buite toe, en volg die engel uit die tronksel. Toe die Raad die apostels in die openbare tronk gegooi het, het 'n engel van die Here ook in die nag die tronkdeure oopgemaak en hulle uitgelei (Hand 5:18-19). Uit die verhoogde sekuriteit deur Agrippa, bevry die engel van die Here andermaal vir Petrus uit die tronksel. Jesus het voorspel

dat sy dissipels gevange geneem en vervolgd sal word, aan sinagoges oorgelewer en in tronke opgesluit sal word (Luk 21:12). Petrus het voor sy verloëning van Jesus nog verklaar 'Here, ek is bereid om saam met U die tronk en die dood binne te gaan (Luk 22:33). Nou was hy al twee maal in die tronk en op pad na die dood. Telkens het die Here **ingegryp**.

12:9 Hy volg die engel uit die tronk, maar dink dat hy 'n **visioen** sien en kon nie dink dat dit regtig met hom aan die gebeur is nie. Lukas beskryf die gebeurtenis so, dat daar 'n sluier van geheimenis oor die geskiedenis bly. Petrus gehoorsaam die engel soos iemand in 'n waas en dink 'Is dit 'n droom of werklikheid?' Meesterlik word die oorgang uit die slaap in die ervaring van die wonder, en Petrus se oorgang uit die belewenis van die wonder terug in die alledaagse lewe, geteken.

12:10 Hulle is by die eerste soldaat op wag verby en by die tweede. Alvier die wagte is onbewus van wat gebeur. En toe hulle by die ysterhek kom wat die tronk van die buitewêreld afsluit, swaai die hek vanself (*autómatos*) oop. Die hek het waarskynlik vanself ook weer toegegaan en gesluit. Die engel begelei Petrus nog 'n straat verder om hom **in die alledaagse wêreld terug** te lei en verdwyn dan skielik. Die engel se vertrek is net so wonderlik as sy skielike verskyning en die lig wat in Petrus se tronksel geskyn het. Niemand kom iets daarvan agter nie. Selfs Petrus dink hy is in 'n droom. En dan moet Petrus verder self sy weg vind.

12:11 Toe Petrus tot homself kom, praat hy met homself en spreek die beslissende belydenis uit: 'Nou weet ek waarlik dat **Christus, die Here**, self ingegryp het om sy apostel van 'n gewisse dood te red;' waarskynlik om hom op 'n ander plek te gebruik (12:17). Hy is gered uit die hand van Herodes Agrippa wat reeds vir Jakobus doodgemaak het, en gered uit die verwagting van die Joodse volk dat Herodes die Christene gaan uitroei. Dit is amper soos Daniël se belydenis: 'My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit sodat

hulle my niks kon aandoen nie (Dan 6:23). Ps 34:8 'Die engel van die Here vorm 'n laer rondom mense wat vir die HERE ontsag het, en Hy red hulle.'

12:12 Met die besef van die Here se ingrype om hom uit die tronk te red en hy nou in die stad Jerusalem is, gaan hy na **die huis van Maria**, die ma van Johannes wat Markus (sy Latynse naam) genoem word. So stel Lukas sy lesers bekend aan Markus, wat later weer in Handelingte ter sprake kom (12:25; 13:5,13; 15:37-39; vgl. ook Kol 4:10 Paulus verwelkom Markus, Barnabas se neef; 2 Tim 4:11 hy is baie nuttig vir Paulus se prediking; Flm 24 hy is Paulus se medewerker; 1 Petr 5:14 Petrus noem hom 'my seun.' Markus het waarskynlik die Evangelie van Markus geskryf om Petrus se woorde oor Jesus op te teken op versoek van die gemeente in Rome waar Petrus gesterf het. Moontlik is Markus die jongman van Markus 14:51-52 wat net in Markus voorkom).

Petrus het geweet waar hy die **gemeente** in die middel van die nag sou kry. Moontlik het hy die vorige keer wat hy in die nag uit die tronk bevry is, ook na dié huis gegaan, waar hulle 'eie mense' bymekaar was (Hand 4:23). Dit was moontlik in die groot bokamer van dié huis waar Jesus en sy dissipels die Pasga geëet en die nagmaal ingestel het, en dat Markus die man was wat die kruik water gedra het (Luk 22:10-12); ook waar Jesus aan die elf apostels na sy opstanding verskyn het (Luk 24:33; Hand 1:4,13). Tussen die baie Marias in die Nuwe Testament word hierdie Maria onderskei deur haar seun se naam te noem (waarskynlik was haar man al dood).

Petrus het waarskynlik geweet dat 'n huisgemeente se byeenkomste daar gehou word. Wat hy nie geweet het nie, was dat daar baie mense bymekaar was. Hulle was juis **besig om die Here te smeek** vir sy vrylating. Met die opmerking van Lukas dat hulle besig was om te bid (teenwoordige deelwoord wat voortgang van die gebed aandui), benadruk Lukas dat die Here hulle gebede reeds vervul het met Petrus se wonder-vrylating, terwyl hulle nog voortgaan om daarvoor te vra.

12:13 Toe Petrus aan die deur van die ingangspoort van Maria se huis klop, kom die slavin (*paidískê*) met die algemene naam Rodé (*rhodéa* 'roosknoppie/roos') om die klop te beantwoord. Lukas skilder die teenstelling by die deur: buite staan die **kloppende apostel** Petrus en binne die luisterende deurwagsterslavin Rodé (met Jesus se verhoor was daar ook 'n slavindeurwagster by die hoëpriester se huis, Joh 18:17).

12:14 Rodé herken Petrus se stem – sy was waarskynlik 'n Christen saam met haar huismense. Oorstelp van vreugde oor die wonder van Petrus se bevryding dink sy nie daaraan om die deur vir Petrus oop te maak nie, maar hardloop om te gaan uitblaker (*apangéllō* aankondig) dat **Petrus voor die deur** staan. Vir Lukas vertel die komiese toneeltjie die onbegryplike grootsheid van die wonder van God se onverwagte ingryping waarvoor juis gebid word. So het die vroue, wat die Sondagmôre na Jesus se graf toe is, die goeie nuus van sy opstanding aan die elf en die ander gaan vertel (*apangéllō*, Luk 24:9).

12:15 Die volgende toneel beskryf die biddende gemeente wat nie wil glo dat hulle gebede verhoor is nie. Hulle sê Rodé is mal (*maínomai* om heeltemal irrasioneel te dink, mal te wees), maar versekerd hou sy daarmee aan. Toe soek hulle 'n ander verklaring vir die **wonder**, dat dit Petrus se engel/hemelse boodskapper is? (Matt 18:10).

12:16 Petrus hou aan klop tot hulle die deur uiteindelik kom oopmaak, en toe hulle hom sien was hulle uitermate **verbaas** (die woord het Lukas al sewe keer in Handelingte gebruik vir mense se verwondering, twee oor Simon se toorkunste (Hand 8:9,11), vyf oor wat die Here doen (2:7 oor elkeen wat in sy eie taal hoor; 2:12 oor die groot daade van God; 8:13 Simon verstom oor die wonders deur die apostels; 9:21 verstom oor Saulus se ommekeer; 10:45 oor die Heilige Gees ook oor heidene uitgestort word).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Handeling van die Apostels: Vervolging van die leiers in Jerusalem (Handeling 12:1-5) – Francois Malan

12:1 'In daardie tyd' is 'n algemene uitdrukking wat nog 'n episode van die verdrukking van die kerk beskryf. Dit was moontlik gedurende die jaar wat Barnabas en Saulus in Antiogië gewerk het.

Koning **Herodes Agrippa I** is die kleinseun van Herodes die Grote wat die kindertjies in Bethlehem laat vermoor het. Herodes die Grote het tien vroue gehad. Die tweede van die tien vroue van Herodes die Grote was die Jodin Mariamne I. Sy het twee seuns by Herodes die Grote gehad, Alexander en Aristobulus. Aristobulus en Bernice het drie seuns gehad: Herodes II, Agrippa (gebore 10 v.C.) en Herodias. Deur die guns van keiser Caligula word Agrippa in 37 n.C. koning oor sy oom Filippus se gebied en later ook oor Herodes Antipas se Galilea en Perea. Vir die dienste wat hy aan die nuwe keiser Claudius bewys het, word hy van 41 n.C. ook koning oor Judea en Samaria. Toe was hy koning oor die hele Joodse land tot 44 n.C. Die bevolking het hom koning Herodes genoem, hoewel dit nie sy naam was nie, maar slegs Agrippa. Om hom te onderskei van sy derde kind, ook Agrippa genoem, word hy Agrippa I genoem en sy seun Agrippa II, voor wie Paulus in Hand 25:13 optree.

Na die voorspoed met die uitbreiding van die kerk in Antiogië

vertel Lukas van die **vervolging** wat intussen teen Jerusalem se gemeente begin het. Die vorige vervolging was onder die leiding van die Joodse Raad waar die Sadduseërs die bewind gevoer het op aandrang van die Hellenistiese Jode (Hand 6:9-12). Maar Agrippa het hom by die Fariseërs geskaar en die volk het hierdie half-Jood half-Edomiet begin aanvaar.

Om die Jode te behaag het hy die Christen-Jode begin vervolg: 'Koning Herodes (Agrippa) het die hand geslaan (deur sy soldate het hy begin met 'n veldtog) aan sommige uit die gemeente (in Jerusalem) om hulle leed aan te doen.' Wat hy aan sommiges gedoen het, word nie gesê nie, maar enkele voorbeelde word genoem, wat wys dat hy die **leiers** geteiken het.

12:2 **Jakobus** is die broer van Johannes, seuns van Sebedeus en Salome (Matt 4:21; 20:20; 27:57; Mark 15:40; 16:1), apostels van Jesus, een van die drie wat Jesus se verheerliking op die berg gesien het (Luk 9:28) en in Getsemane Hom moes bystaan (Mark 14:33). Hy word op die Romeinse manier doodgemaak deur onthoofding met 'n swaard. Ontierend vir die Jode word die kop van die liggaam geskei (vgl. Dawid vir Goliat, 1 Sam 17:51; Saul se kop, 1 Sam 31:9; Dagon se kop, 1 Sam 5:4). Met Jakobus se dood word Jesus se voorspelling aan die twee broers vervul (Mark 10:39): 'Die beker wat Ek drink, sal julle drink, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.'

12:3 Vir Agrippa is die Jode se ingenomenheid met die moord van Jakobus die bewys dat hy hulle guns begin wen. Daarom gaan hy verder met die vervolging van die Christene en laat hy vir **Petrus** ook arresteer. Dit geskied toe tydens die Paasfees van die Jode waarmee die sewe dae Fees van die Ongesuurde Brood begin, wat hulle aan hulle woestynreis herinner. Dit is juis die tyd waarop groot skares Jode in Jerusalem bymekaarkom en elke gesin 'n lam slag ter herinnering aan hulle verlossing uit Egipte die nag toe die eersgeborenes van die Egiptenare gesterf het (Eks 12). Met dié tydsberekening wil Agrippa 'n groot slag slaan vir sy reputasie onder die Jode. Vir die

Christene was dit 'n tyd van herinnering aan Jesus se sterwe as die Lam van God, wat vir die sonde van die hele wêreld sterf, en van sy opstanding en oorwinning oor die dood op Paassondag.

12:4 Om te verseker dat Petrus nie uit die tronk ontsnap nie word hy bewaak deur vier afdelings, elk met vier soldate, wat elke drie uur om die beurt vervang word met vier vars soldate. Petrus word vasgeketting aan 'n soldaat aan elke hand, en twee staan wag buite die deur. Herodes se bedoeling met die **aanhouding** van Petrus was om hom ná die Pasga verby is te verhoor, terwyl die volk nog in Jerusalem bly vir die weeklange Fees van die Ongesuurde Brood, sodat hulle almal kan sien dat hy die leier onder die Christene tot die dood veroordeel. Hy wou Petrus nie op die dag van die Pasga verhoor en die Jode met 'n hofsak op die Paasfees aanstoot gee of hulle aandag van dié fees aflei nie.

12:5 So is Petrus tydens die Pasga en moontlik nog 'n paar dae in die tronk aangehou (*etêreito* imperfektum wat voortduur aandui). Die **gemeente** was egter in gebed voor God vir Petrus. Die woord wat hulle gebed kwalifiseer *ektenōs* kan beteken konstant, voortdurend of ernstig. Hulle was skynbaar voortdurend ernstig in gebed tot God vir Petrus se lewe terwyl hy in die tronk is.

Lukas beskryf **twee indrukwekkende tonele** wat teenoor mekaar staan. In die magtige gebou van die burg Antonio wat Herodes die Grote langs die tempelkompleks in Jerusalem gebou het, word die Romeinse soldate gehuisves. Daar word Petrus in die tronk aangehou deur 16 soldate wat mekaar telkens vier-vier aflos om aan Petrus vasgeketting te wees en voor sy sel wag te hou vir sy verhoor en dood deur koning Agrippa. Daarteenoor kniel 'n groep gemeentelede van Jesus Christus in konstante ernstige gebed voor die God van hemel en aarde. Hulle is in die bovertrek van 'n huis in Jerusalem. Hulle vra van die Koning van die konings vir die menslik onmoontlike, naamlik vir Petrus se lewe en sy bevryding uit koning Herodes se

planne.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Handelingte van die Apostels: Die kerk in Antiogië (Hand 11:19-30) – Francois Malan

11:19 Lukas tel die draad van die verhaal in Handelingte 8:1,4 op, van die vervolging van die gemeente in Jerusalem ná Stefanus se steniging, en hulle verstrooiing in Judea en Samaria. Wat nou vertel word, het gebeur terwyl die ander verhale oor Filippus en Petrus in Hand 8:5-11:18 plaasgevind het.

Die verstrooide gelowiges het verder noord as Judea en Samaria gegaan, tot so ver as Fenisië, Siprus en Antiogië. Fenisië is op die kusvlakte van noordelike Palestina – 12 km breed en 120 km lank van berg Karmel in die suide tot by die Eleutherosrivier in die noorde. Dit sluit die stede Tirus en Sidon, noord van Sesarea, in. By Tirus gaan Paulus se skip aan wal op pad na Jerusalem na sy derde sendingreis en besoek hy die dissipels vir 'n week lank (Hand 21:3). By Sidon gooi Paulus se skip anker op hulle reis na Rome en daar besoek Paulus sy vriende (Hand 27:3). Siprus is die groot eiland in die Middellandse See, suid van Klein-Asië (die huidige Turkye) en wes van Sirië wat noord van Palestina lê. Die eiland is 'n Romeinse provinsie met 'n goewerneur in die hoofstad Pafos

(Hand 13:4-12). Barnabas het van die eiland af gekom (Hand 3:36). **Antiogië** aan die Orontesrivier met 'n halfmiljoen inwoners, is die hoofstad van Sirië. Dit is 35 km van die kus af, met Seleusië as hawe (Hand 13:4), die derde grootste stad van die Romeinse ryk naas Rome en Alexandrië in Egipte. Nikolaus, een van die sewe helpers van Hand 6:5, kom van Antiogië af. Hier was 'n groot Joodse kolonie (na skatting 45 000) met baie godvresendes en proseliete uit die heidendom wat by die sinagoges ingeskakel het (volgens Josefus in *Bel.* 7:1:3). Die stad word die basis waaruit Paulus sy sendingreise onderneem het.

Na die hele geskiedenis oor die uitbreiding van die evangelie na die heidene word as teenstelling vertel dat die gelowiges wat uit Jerusalem se vervolging gevlug het, die boodskap oor Jesus en sy verlossing orals waar hulle gekom het, **slegs aan Jode** verkondig het.

11:20 Daarteenoor het sommige van die mense wat van die eiland Siprus en van Sirene in Libië uit Noord-Afrika af in Antiogië gekom het, ook met die Helleniste gepraat en die evangelie van die Here Jesus aan hulle verkondig. Die Simon wat gedwing was om Jesus se kruis te dra, het van Sirene gekom (Luk 23:26) en op die Pinksterdag was daar mense uit Libië in die omgewing van Sirene wat in hulle eie taal die evangelie gehoor het en tot geloof gekom het (Hand 2:10,41). Die woord *hellênistês* wat in Hand 6:1 en 9:29 na Griekssprekende Jode verwys, verwys hier waarskynlik bloot na Griekssprekendes in teenstelling met die vorige vers waarvolgens die evangelie slegs aan Jode verkondig is. Volgens Galasiërs 2:12 was **gelowiges uit die heidendom deel van die gemeente in Antiogië**.

11:21 **Die hand van die Here** was oor die mense uit Siprus en Sirene se verkondiging en 'n groot aantal van die heidense Griekssprekendes in Antiogië het gelowig geword en hulle tot die Here Jesus bekeer (*epistréfō*). Die 'Hand van die Here' is 'n Ou Testamentiese beeld vir die Persoon van God wat met sy mag in beheer is van die mense (vgl. 1 Sam 5:7,11; 6:9 'sy

hand;' in 1983-vertaling 'Hy;' Jes 66:14 en Eseg 1:3 'die hand van die Here;' 1983-vertaling 'die mag van die Here'). Met sy hand oor sy getuies het die Here die groot getal Grieke tot geloof in Jesus as hulle Here gelei. So het hulle lewenswyse omgedraai en het hulle hulle aan Jesus oorgegee om hulle te lei en hulle lewens met sy liefde te beheer (vgl. Matt 11:29-30 om sy sagte juk op hulle te neem).

11:22 Toe die gemeente in Jerusalem hoor dat 'n groot getal Grieke in die gemeente opgeneem is, het hulle vir **Barnabas** tot by Antiogië uitgestuur, soos hulle Petrus en Johannes destyds na Samaria gestuur het toe hulle gehoor het dat die Samaritane die woord van God aangeneem het (Hand 8:14). Dat hulle hom 'tot by Antiogië uitgestuur het' skep die indruk dat hy die gemeentes langs die pad besoek het totdat hy by Antiogië gekom het om die band met die moedergemeente te versterk en hulle aanvaarding deur die moedergemeente te toon. Barnabas kom ook uit daardie geweste, uit Siprus wat teenoor Antiogië geleë is.

11:23 Toe Barnabas in Antiogië kom en die genade (*cháris*) van God sien waarmee Hy die gemengde gemeente van bekeerde Jode en bekeerde heidene geseën het, was hy deurtentyd bly en gelukkig (imperkfektum van *cháirō* van dieselfde stam as *cháris*). Die hartlike samelewing van die lede van die gemeente uit Jode en nie-Jode sien hy nie as mensewerk nie, maar as God se genadedaad. Die **blydskap** van Barnabas, die eertydse Levitiese wetsleraar, oor die almag van God se genade, kom ook uit die hemel. Waar die genade van God regeer, het die wet sy seggenskap verloor (vgl. Gal 5:18). Barnabas het hulle almal ernstig versoek/aangemoedig (Barnabas beteken 'aanmoediger/helper,' Hand 4:36) om van harte aan die Here getrou te bly ('van harte' letterlik: met die vaste plan/doel van hulle harte).

11:24 Van Barnabas word gesê dat hy 'n goeie man was. Hy is die enigste wat in Handelingte goed genoem word (vgl. Luk 6:45 'n Goeie mens bring die goeie tevoorskyn uit die goeie skatkamer van sy hart; Luk 23:50 Josef van Arimathea was 'n

goeie en regverdige man). Barnabas word verder beskryf met dieselfde woorde as Stefanus in Hand 6:5: vol van die Heilige Gees en geloof. Sy optrede in Antiogië getuig van sy geestelike wysheid en waagmoedige geloof dat hy, die gebore Leviet, die wetsvrye heidenchristene in hierdie beslissende aanvangstadium van die kerk goedkeur en self tot hulle vermeerdering bydra. **Die aansienlike skare wat vir die Here Jesus bygevoeg word** is duidelik die werk van die Heilige Gees wat deur Barnabas oor Jesus getuig en mense oortuig (Joh 15:26; 16:8).

11:25 Hier duik die naam van **Saulus** weer op, ongeveer 10 jaar na sy vertrek na Tarsus in Hand 9:30 (vgl. Gal 1:18 se drie jaar, plus Hand 11:26 se 1 jaar, afgetrek van Gal 2:1 se veertien jaar). Daarom gaan soek Barnabas na hom in Tarsus (*anazêtéō* om uit te vind waar hy is deur na hom te soek, met die implikasie dat dit moeilik is). Die Here het die soete inval aan Barnabas gegee om persoonlik na die geniale Saulus te gaan soek, om nou as die Here se uitverkore instrument sy Naam uit te dra na nasies en na konings en na Israel (Hand 9:15). So word Saulus in die wêreldsending betrek (Hand 1:8 tot aan die einde van die aarde). Dit is die man wat die teologie van die kerk gevestig het met sy kennis van die Ou Testament, wat hy verklaar het vanuit sy gesig op pad na Damaskus van die opgestane Jesus wat aan die regterhand van God sit as hoof oor sy kerk wat alles en almal vervul (Ef 1:20-23). Al Paulus se briewe was reeds geskryf toe die Evangelies eers geskryf word.

11:26 Barnabas het vir Saulus opgespoor en hom na Antiogië gebring as sy medearbeider. Vir 'n hele jaar was hulle saam met die gemeente en het 'n aansienlike skare onderrig. Dit is 'n aanduiding van 'n groot groeiende gemeente wat deeglik onderrig word in die geskiedenis en woorde van Jesus teen die agtergrond van die Ou Testamentiese geskrifte. Onthou die Nuwe Testament was nog nie beskikbaar nie en boekrolle van die Griekse vertaling van die Ou Testament was hulle Bybel. Hier

in Antiogië het die Romeinse en Griekse heidene die volgelinge van Jesus Christus vir die eerste keer afkeurend **Christene** (*Christianoï*, 'n Latynse woord) genoem om hulle van die Jode te onderskei as 'n afsonderlike groep. Die gelowiges het die naam aanvaar met 'n nuwe voller betekenis. In die Nuwe Testament word dit net in Hand 11:26; 26:28 en 1 Petrus 4:16 gebruik. Die betekenis daarvan is egter dat hulle as volgelinge van God se Gesalfde, Jesus die Christus, self Christene is. Hulle is ook deur die Heilige Gees gesalf om priesters, konings en profete te wees (vgl. 1 Petrus 2:9 'n koninklike priesterdom wat verkondig).

11:27 Gedurende die jaar se werk in Antiogië ('in daardie tyd') kom daar profete uit Jerusalem. **Die profete van die Nuwe Testament** het deur die Heilige Gees geïnspireerde uitsprake gemaak in die Naam van die Here en op gesag van God.

11:28 Een van die profete, naamlik **Agabus** (*Hagabos* van die Hebreuse hagab 'sprinkaan'), het opgestaan en deur die Heilige Gees voorspel (*sêmainō* duidelik aanteken) dat daar 'n groot hongersnood sal wees oor die hele bekende wêreld van destyds (Volgens Hand 21:10 voorspel Agabus 9 jaar later dat Paulus in Jerusalem gebind sal word). Lukas verduidelik dat dit tydens die regeringstyd van keiser Claudius (wat regeer van 41-54 n.C.) gebeur het. Josefus (*Ant* 22:2:5) vertel van die hongersnood wat Jerusalem se inwoners tot op die rand van die dood gebring het. Tydens Claudius se regering was daar 'n paar tye van hongersnood in verskillende dele van die Romeinse ryk, maar in Jerusalem was die ergste die een tussen die jare 46-48 n.C. Daarby was 47/48 n.C. 'n Sabbatsjaar wat dit vir die Jode ná 46 se droogte nog moeiliker gemaak het om kos te kry, omdat hulle vir 'n jaar nie mog saai nie.

11:29 Die gemeente (dissipels/volgelinge van Jesus) in Antiogië het op grond van Agabus se duidelike aankondiging besluit dat elkeen van hulle **volgens elkeen se vermoë/rykdom 'n bydrae sal stuur** aan die broers en susters wat in Judea woon. Die besluit deur die gemeente van Antiogië, wat 'n groot

komponent bekeerde heidene gehad het, getuig van die gemeente se vrygewigheid wat deur die Heilige Gees in hulle bewerk is, en van hulle liefdesverbondenheid aan hulle broers en susters in Christus in Judea, wat hoofsaaklik uit bekeerde Jode bestaan het (vgl. Matt 5:7; 25:40; Jak 2:15-16; 1 Petr 1:22; 1 Joh 3:16-17).

11:30 Die gemeente het hulle besluit uitgevoer en die bydraes aan die ouderlinge in Judea gestuur deur die hande van Barnabas en Saulus. Hiermee word 'n patroon gevestig wat Paulus gedurende sy sendingreise volg met die kollekte wat hy vir Jerusalem organiseer in die gemeentes in Klein-Asië, Masedonië en Griekeland. **Die beginsel van vrywillige besluit volgens vermoë oor 'n bydrae**, word in 2 Kor 9:6-7 uitgespel. Hoofstukke 8-9 van 2 Korinthiërs handel oor die kollekte, vgl. ook 1 Kor 16:1-4; Rom 15:25-28. Hierdie reis van Barnabas en Saulus na Jerusalem kan moontlik met Galasiërs 2:1 se besoek aan Jerusalem 14 jaar na Saulus se bekering verbind word.

Dit is die eerste keer dat Handeling van **ouderlinge** praat. 'n *Presbuteros* is 'n persoon met die verantwoordelikheid en gesag in sosio-godsdienstige sake in Joodse (Matt 15:23 familiehoofde) en Christelike (Hand 11:30) gemeenskappe.

[Gereformeerde Kerke volg 'n **presbiteriale** stelsel waar die ouderlinge en diakens deur die gemeentes gekies word en die leiding neem in gemeentes (Hand 6:3-6; 1 Tim 5:17). In die Nuwe Testament word ouderlinge opsieners (*episkopoi*) genoem (Hand 20:28; ook in Titus 1:5-9; vgl. ook Flp 1:1; 1 Tim 3:2). Die Roomse kerk het die woord met biskoppe vertaal en daarvolgens 'n hiërargiese episkopale stelsel ingestel. Hulle sien die gesag van die pous as die opvolger van die leierapostel Petrus, die rots waarop Jesus sy kerk bou en aan hom die sleutels van die koninkryk van die hemel gegee het (Matt 16:18-19). Die Roomse biskoppe verteenwoordig die ander apostels en regeer saam met die pous oor die kerk. Die biskop is ook die leier van die gemeenskap van priesters, wat weer leiërs is van gemeentes.]

Die Handeling van die Apostels: Petrus se verslag aan die kerk in Jerusalem (Hand 11:1-18) – Francois Malan

11:1 'Die apostels en die gelowiges (letterlik: 'broers,' waarby die susters destyds ingesluit is) dwarsdeur Judea het gehoor dat die **heidene ook die woord van God met graagte ontvang en geglo het** (*déchomai*).' Die ongehoorde gebeurtenis word bekend onder die Christen-Jode, dat heidene, en dit nogal hulle aartsvyande die Romeinse soldate, die evangelie aangeneem het, ondenkbaar! Hulle kan nie eers 'n apostel stuur om te gaan kyk wat daar aangaan, soos na Samaria nie (Hand 8:14), want die 'leierapostel' Petrus is self daarby betrokke. Dat die gelowiges dwarsdeur Judea daarvan gehoor het, is vir Lukas belangrik. Dit was nie 'n enkele gebeurtenis soos met die Ethiëpier naby Gasa en met 'n hele stad in Samaria nie, maar 'n draaipunt in die geskiedenis van die kerk wat opgebou het tot in die huisgroep van 'n ampsdraer van die Romeinse ryk in Sesarea.

11:2 Toe Petrus van Sesarea aan die kus opgegaan het na Jerusalem in die bergwêreld, het die Joodse Christene in Jerusalem (letterlik: dié wat besny is) met hom geargumenteer (*diakrínomai pròs* disputeer teen iemand op grond van verskil

in beoordeling). **Petrus loop hom vas teen heftige kritiek van die kant van die ander apostels en die Jerusalemgemeente.** Later ontwikkel die streng Joodse gevoel al sterker in Jerusalem en het hulle die vryheid van die geloof in Christus teengestaan. Die meer gematigde Helleniste het destyds met die vervolging die stad verlaat. Die Judaïste tree in Handeling al sterker op (vgl. Hand 15:1-2,5,24; 21:20-21). Petrus swig later in Antiogië self onder hulle (Gal 2:12). Die groep wat die besnydenis vir almal vereis het, het Paulus se vrye genade-alleen boodskap teengestaan (Gal 2:4; 5:2-12; 6:12; 2 Kor 11:5,13).

11:3 Hulle beswaar teen Petrus lui: Jy het ingegaan (in die huis) by onbesnede mense (*anêr* kan 'n man of 'n mens aandui) en saam met hulle geëet. Hulle kritiek gaan nie oor godsdienstige besware soos die prediking aan of die doop van heidene nie, maar **oor die sosiale verkeer met nie-Jode:** besoedeling deur in te gaan in die heidenuis (vgl. bv Joh 18:28) en om saam met hulle te eet (vgl. Joh 4:9). Hulle mag geen verdrag gesluit het met die inwoners van Kanaän nie (Eks 34:15-16); Saam eet beteken moontlik iets eet wat vir die Jood onrein is volgens die reinheidswette van die Ou Testament, vleis wat nie *kosher* is nie (Lev 7:22-27; 17:10-14); vleis van onrein diere (Lev 11:1-47; Deutr 14:1-21).

11:4 Petrus het begin om aan hulle **stap vir stap** te verduidelik wat gebeur het, soos die Here hom stap vir stap oortuig het om op te tree. Hy het in die heiden se huis ingegaan en daar ook saam met hulle geëet. Petrus is nie eintlik besig om homself te verdedig nie, maar met vreugde te getuig van wat die Here alles gedoen het, en hom daarvoor gebruik het. Die feite word nou vanuit 'n ander gesigpunt gesien. Kornelius se naam word nie eers genoem nie. Dit gaan om heidene wat die evangelie aangeneem het en die Heilige Gees ontvang het.

11:5 Hy begin met sy gebed in Joppe wat oorgegaan het in ekstase waarin hy 'n visioen gesien het van iets soos 'n groot

laken wat stadig aan vier hoeke uit die hemel neergedaal het en tot by hom gekom het. Hy vertel nie van die uur waarop hy met die trap na die dak geklim het en dat hy honger geword het en die mense die ete begin berei het nie, of dat die hemel geopen het en dat die voorwerp tot op die aarde gekom het nie. Maar hy voeg by dat die groot voorwerp uit die hemel **tot by hom gekom het**. Met hierdie herhaling van wat gebeur het deur Petrus self, konfronteer Lukas sy lesers 'n tweede keer met die gesig wat Petrus gesien het. Die nadruk word gelê op die feit dat dit God is wat alles laat gebeur het.

11:6 Petrus voeg by dat hy stip daarna gekyk het en by die diere wat in hoofstuk 10 opgenoem is noem hy ook **wilde diere** wat dan van mak diere onderskei moet word.

11:7-8 Hy vertel dat hy die stem gehoor het wat hom beveel het om te slag en te eet, en sy reaksie daarop: 'Onder geen omstandighede nie, Here! want iets wat besoedel is of onrein is het nog nooit by my mond ingegaan nie.' Maar by sy mond het die weiering om die Here te gehoorsaam gekom uit 'n **'onrein' hart** wat van sy selfgeregverdiging voor God oortuig is (vgl. Mark 7:18-23).

11:9 Die vers herhaal 10:15 maar voeg by dat **die stem uit die hemel gekom het**. Petrus vertel dat hy hom baie sterk teen die opdrag om van die onrein diere ook te slag verset het, maar dat die Here baie duidelik uitgespel het dat dit sy wil is.

11:10 herhaal 10:16 behalwe dat 'onmiddellik' en 'die voorwerp' vervang word met **'weer alles.'**

11:11 som 10:17-18 op sonder Petrus se verwardheid oor die betekenis van die gesig, en daar word bygevoeg dat die koms van die drie manne op daardie selfde oomblik was toe die stem vir die tweede maal gesê het 'wat God gereinig het mag jy nie onrein ag nie,' en alles weer in die hemel opgeneem is. Die betekenis van die gesig word so duidelik vir Petrus uitgespel deur **die merkwaardige samehang van omstandighede** wat net van

die Here kon gekom het.

11:12 het ook die opdrag in 10:19- 20 van die Heilige Gees dat Petrus sonder aarseling met hulle moet saamgaan. Dat Petrus die drie mans binnegenooi het en hulle almal se vertrek na Sesarea die volgende dag van 10:21-24 word uitgelaat, en spring na die ingang in Kornelius se huis waaroor hy ondervra word. Hy vertel hier dat daar **ses mans van Joppe was wat met hom saamgegaan het**. Daar was dus genoeg getuies van wat gebeur het, wat nou vir die gemeente in Jerusalem kan getuig oor wat in Sesarea gebeur het ('hierdie ses broers').

11:13 Die gesig van 'n engel van God wat Kornelius gesien het en dat hy beveel is om Petrus te laat haal, word die vierde maal in Handelingte vertel (10:3-5,22,30-32). Die opdrag kom duidelik uit die hemel van God af, maar die engel se woorde oor Kornelius se gebede en liefdadigheid wat soos 'n gedenkteken voor die aangesig van God verrys het (10:4) kom nie weer voor nie. **Alles wat Petrus egter gedoen het was op God se bevel.**

11:14 Die boodskap wat Kornelius van die engel ontvang het word hier uitgebrei met Petrus se boodskap '**waardeur jy verlos sal word – jy en jou hele huis**' (vgl. 10:24,44). Die woord *oikos* word ook gebruik vir die hele huishouding wat die gesin, aangetroudes, slawe en diensknegte insluit.

11:15 'Die neerdaling van die Heilige Gees op hulle net soos aanvanklik ook op ons' is eintlik Petrus se hoofargument voor Jerusalem se gemeente en word in die volgende verse uitgebrei. Hy herhaal nie die inhoud van sy prediking in 10:34- 43 nie, maar sê net: 'toe ek begin praat,' het die Heilige Gees op hulle neergedaal. 'Aanvanklik' verwys na die Pinksterdag van Handelingte 2, toe die kerk van Jesus se **nuwe bedeling** vir die eerste keer duidelik in die openbaar getree het.

11:16 Petrus herhaal die woord van die opgestane Jesus net voor sy hemelvaart in Hand 1:5, oor Johannes se doop met

water, 'maar oor nie baie dae nie sal **julle** met die Heilige Gees gedoop word.' Jesus se Pinksterbelofte is vir die heidene in Sesarea net so vervul soos op die Joodse Pinksterdag in Jerusalem. Die Christene uit die heidendom is deel van die 'julle' van Jesus se belofte in Hand 1:5 en daarom volwaardige lede van die kerk van Christus.

11:17 As God dan aan die nuwe Christene dieselfde gawe van die Gees gee as aan die Jode wat in die Here Jesus as hulle Messias glo, wie was Petrus dan dat hy God kon verhinder of belet – om die evangelie aan die heidene te laat verkondig en hulle in die Naam van die Here Jesus Christus deur die doop by die kerk van die Here Jesus in te lyf? (vgl. Matt 28:19 '**maak dissipels van al die nasies**, doop hulle in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees). Petrus se retoriese vraag aan die gemeente in Jerusalem is eintlik 'n ironiese terugslag teen sy teenstanders – sal julle God kan verhinder of belet? (vgl. Gamaliël se waarskuwing aan die Joodse Raad in Hand 5:39).

11:18 Hulle negatiewe reaksie teen Petrus se optrede verander en hulle het stilgebly. Hulle kritiek oor Petrus het gestop. Hulle was stomgeslaan oor die weë van die Here wat so lynreg teen hulle gedagtes oor die heidene was. Maar positief het hulle God begin verheerlik en in verwondering oor God se verlossingsplan vir die wêreld, gesê: 'So het God dan ook aan die heidene (*tois éthnesin* kan verwys na die nasies of na die heidene) bekering (*metanoia* om jou lewenswyse te verander as gevolg van 'n totale ommekeer in jou denke en gesindheid teenoor sonde en die regte verhouding tot God) tot die lewe geskenk!' Hulle is nou ook mense wie se lewenswyse deur God se genadegawe omgedraai is na Christus toe, na Hom wat die weg na God toe is, en die waarheid oor jouself en oor God, en na die ware lewe soos God dit bedoel het (vgl. Joh 14:6). **God skenk die omkeer**, soos in Hand 3:16 die geloof wat deur Jesus kom).

Lukas herhaal die gebeurtenis om die groot betekenis daarvan

te onderstreep. Dit is die eerste maal dat 'n Christelike gemeente uit die heidendom ten volle erken word deur Jerusalem, wat die eerste gemeente van Jesus Christus is. Later swig Petrus in Antiogië omdat hy bang geword het vir die besoekers uit Jerusalem se gemeente (Gal 2:11-13). Maar na Paulus se teregwysing (Gal 2:14) het daar weer klaarheid in sy gemoed gekom en is Petrus in Jerusalem die verdediger van die verlossing deur die genade van die Here Jesus sonder die juk van wetsonderhouding vir verlossing (Hand 15:6-11). In hoofstuk 15 word vir die vyfde maal verwys na die Kornelius-gebeure as maatstaf vir die lewe en uitbreiding van die kerk (vgl. Hand 15:7-9). Die groot visioen van iets wat op die aarde neerdaal soos 'n groot linnedoek met rein en onrein diere in en weer in die hemel opgeneem word, is duidelik 'n **teken wat God gee dat Hy Jode en nie-Jode uit die hemel saamvoeg in sy kerk op aarde, om saam in die hemel opgeneem te word om ewig by Hom te bly.** Wat God deur die liefdesoffer van sy Seun aan die kruis rein gemaak het, mag jy nie as onrein beskou nie! (Hand 10:11-16).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)